basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

EKONOMIE V2

MEI/JUNIE 2026

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1 30 PUNTE – 20 MINUTE

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.9 D.

1.1.1 Die werklike besteding van 'n besigheid, soos salarisse en huur, staan as ... koste bekend.

A implisiete
B marginale
C eksterne
D eksplisiete

1.1.2 Die aanbodkromme vir 'n volmaak mededingende firma word deur die …-kurwe voorgestel.

A marginalekoste
B gemiddeldekoste
C marginale-inkome
D totale-inkomste

1.1.3 Wanneer 'n groep besighede saamwerk met die doel om pryse vas te stel, staan dit as .... bekend.

A stilswyende samespanning
B prysleierskap
C informele samespanning
D openlike samespanning

1.1.4 Die koste vir die derde party, wat nie by die markprys ingesluit is nie, staan as 'n ... koste bekend.

A interne
B eksterne
C sosiale
D privaat

1.1.5 Daar word na 'n vinnige toename in die algemene prysvlak wat meer as 50% per maand is, verwys as ...

A kerninflasie.
B belastingversnelling.
C hiperinflasie.
D disinflasie.

1.1.6 Die aktiwiteit van toeriste wat 'n land besoek om gesondheidsdienste te ontvang, staan as … toerisme bekend.

A mediese
B avontuur-
C kulturele
D paleo-

1.1.7 'n Voorbeeld van kommunikasie-infrastruktuur wat toerisme bevorder, is ...

A vervoer.
B energie.
C internetfasiliteite.
D spoorlyne.

1.1.8 Ooreenkomste tussen die owerheid en besighede om besoedeling te verminder, sonder om wette en regulasies af te dwing, staan as … bekend.

A eiendomsregte
B vrywillige ooreenkomste
C bemarkbare permitte
D omgewingsbelastings (8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.9 J.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Sluitingspunt	A	'n tegniek wat gebruik word om die totale sosiale koste en die totale sosiale voordele wat met 'n openbare projek geassosieer word, te evalueer
1.2.2	Gemiddelde inkomste		
1.2.3	Skaalnadele	B	die aktiwiteite van mense wat na plekke reis om sport te beoefen, vriende te besoek en nuwe besienswaardighede te beleef
1.2.4	Kostevoordeel-ontleding		
1.2.5	Stagflasie		
1.2.6	Monetaris	C	glo dat inflasie deur 'n toename in die totale geldaanbod in die ekonomie veroorsaak word
1.2.7	Hoeveelheidstandaarde		
1.2.8	Ontspanningstoerisme	D	lae groeikoers, hoë werkloosheidskoers en hoë inflasiekoers wat gelyktydig voorkom
		E	'n bevel-en-beheer-benadering wat fokus op die kwantiteit omgewingsbesoedeling wat vrygestel word
		F	die addisionele inkomste ontvang as een ekstra eenheid van 'n produk verkoop word
		G	die inkome wat die firma ontvang as een eenheid van 'n produk verkoop word
		H	wanneer 'n besigheid se gemiddelde inkome gelyk is aan die gemiddelde veranderlike koste
		I	'n situasie waar gemiddelde koste styg soos wat produksie-uitset toeneem

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 Die periode waar ten minste een produksiefaktor konstant bly

1.3.2 Die verwydering van onnodige wette en reëls wat kompetisie in die mark beperk

1.3.3 Die aanwins wat deur die vervaardigers en die verbruikers van goedere en dienste afgelei word

1.3.4 Die onaangepaste verbruikersinflasiekoers wat die koste van 'n winkelmandjie met goedere en dienste weerspieël

1.3.5 Die aktiwiteite van mense wat reis met die doel om vergaderings, konferensies en handelsaangeleenthede by te woon

1.3.6 Om niehernubare hulpbronne ongeskonde te hou om te verseker dat hulle nie deur uitwissing bedreig word nie (6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 30 MINUTE

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Gee enige TWEE voorbeelde van veranderlike koste. (2 x 1) (2)

2.1.2 Waarom word 'n monopolistiese mededingende mark as 'n hibriede markstruktuur beskou? (1 x 2) (2)

2.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

VOLMAAKTE MARK

Vrye toegang en uittrede beteken dat nuwe firmas die mark kan betree of verlaat sonder om voor betekenisvolle hindernisse of hoër koste te staan te kom. Die vrye vloei van firmas in en uit die mark verseker dat daar altyd 'n aanbod van goedere en dienste is, en dat hulpbronne doeltreffend toegedeel word. Die geleentheid om wins te maak, dien as 'n natuurlike aansporing vir nuwe firmas om die mark te betree.

[Aangepas uit *Business Tech*]

2.2.1 Identifiseer EEN kenmerk van 'n volmaakte mark in die uittreksel hierbo. (1)


2.2.2 Gee 'n ekonomiese term vir 'n firma wat slegs verskillende hoeveelhede van 'n produk teen dieselfde markprys kan verkoop. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *toedelingsdoeltreffendheid*. (2)

2.2.4 Verduidelik die belangrikheid van volledige inligting vir verbruikers in 'n volmaakte mark. (2)

2.2.5 Hoe kan die toegang van nuwe besighede in 'n volmaak mededingende mark vervaardigers op lang termyn beïnvloed? (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



2.3.1 Identifiseer die relatief onelastiese segment (deel) van die geknakte vraagkromme in die grafiek hierbo. (1)

2.3.2 Noem die aard van produkte wat in 'n suiwer oligopolie verkoop word. (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *duopolie*. (2)

2.3.4 Hoe beïnvloed prysvasstelling verbruikers negatief? (2)

2.3.5 Gebruik die grafiek hierbo om die verandering in totale inkome te bereken indien 'n oligopolis sy prys van R14 na R15 verhoog. Toon ALLE berekeninge. (4)

2.4 Bespreek kortliks die rol van die *Mededingingskommissie* en die *Mededingingstribunaal* om mededinging in Suid-Afrika te bevorder. (2 x 4) (8)

2.5 Ontleed die positiewe impak van nieprys-mededinging op 'n monopolistiese mededingende firma. (4 x 2) (8)

[40]

VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

40 PUNTE – 30 MINUTE


3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE Wêrelderfenisterreine in Suid-Afrika. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoe kan debiteure (leners) uit inflasie voordeel trek? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

IMPAK VAN TOERISME



[Aangepas uit https:/teara.govt.nz]

3.2.1 Identifiseer die frase wat verwys na 'n negatiewe impak van toerisme op die omgewing in die spotprent hierbo. (1)

3.2.2 Noem die tipe toerisme wat slegs mense van ander lande wat Suid-Afrika besoek, insluit. (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *ekotoerisme*. (2)

3.2.4 Verduidelik die rede waarom belastings op toerisme-aktiwiteite gehef word. (2)

3.2.5 Hoe sou 'n toename in toerisme-aktiwiteite 'n negatiewe impak op huishoudings hê? (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

SUID-AFRIKA SE PRYSINDEKSE – 2025

MAAND	PRODUSENTEPRYSINDEKS (PPI)	VERBRUIKERSPRYSINDEKS (VPI)
Januarie	101,2	100,3
Februarie	101,6	101,2
Maart	102,2	101,6
April	102,7	101,9
Mei	102,4	102,1

[Bron: https//www.tradingeconomics.com]

3.3.1 Identifiseer die prysindeks wat belasting op toegevoegde waarde (BTW) uitsluit in die tabel hierbo. (1)

3.3.2 Noem enige EEN instelling in Suid-Afrika wat inflasiesyfers publiseer. (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *vraagtrek-inflasie.* (2)

3.3.4 Verduidelik die doel van gewigstoekennings in 'n verbruikersmandjie wanneer inflasie gemeet word. (2)

3.3.5 Gebruik die inligting in die tabel hierbo om die maand-tot-maand-VPI-inflasie vir Maart 2025 te bereken. Toon ALLE berekeninge. (4)

3.4 Bespreek kortliks *belasting* en *infrastruktuurontwikkeling* as beleidsvoorstelle om toerisme te bevorder. (2 x 4) (8)

3.5 Hoe beïnvloed hoë inflasie die Suid-Afrikaanse ekonomie negatief? (4 x 2) (8)

[40]

VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES
40 PUNTE – 30 MINUTE


4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Gee enige TWEE voorbeelde van monopoliebesighede in Suid-Afrika. (2 x 1) (2)

4.1.2 Waarom word die toerismebedryf as die wêreld se grootste skepper van werksgeleenthede beskou? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

ONVOLMAAKTE MARKTE: NATUURLIKE VS KUNSMATIGE MONOPOLIE



SLEUTEL EN VERTALING:

1 Lisensiëring
2 Hoë kapitaaluitgawes
3 Patent
4 Intellektuele eiendom
5 Kopiereg

[Aangepas uit https://Davegranwnd.com]

4.2.1 Identifiseer die hindernis tot toetrede wat uitvinders van nuwe produkte beskerm in die spotprent hierbo. (1)

4.2.2 Noem die tipe wins wat op lang termyn deur 'n monopolis gemaak word. (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *natuurlike monopolie*. (2)

4.2.4 Verduidelik die rede vir die relatiewe onelastiese vraag in 'n monopoliemark. (2)

4.2.5 Waarom is dit 'n uitdaging vir monopolieë om buitensporige hoë pryse te hef? (2 x 2) (4)

4.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

SUID-AFRIKA SE GEADMINISTREERDE PRYSE

Geadministreerde prys-inflasie is belangrik vir die Reserwebank aangesien dit prysveranderinge van sleutelinsette tot die ekonomie meet en tot kostedruk-inflasie bydra.

Elektrisiteitstariewe vorm teen 26% die grootste deel van die geadministreerde prys-mandjie en het 'n groter impak as brandstofpryse wat 3,8% daarvan uitmaak. Sedert 2020 het die prys van elektrisiteit teen 'n gemiddeld van 12% jaar tot jaar toegeneem.

[Aangepas uit https//www.dailyinvestor.com]

4.3.1 Identifiseer die item wat die meeste tot geadministreerde prys-inflasie bydra in die uittreksel hierbo. (1)

4.3.2 Noem die organisasie wat die pryse van elektrisiteit in Suid-Afrika reguleer. (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die term *allesomvattende inflasie.* (2)

4.3.4 Verduidelik die impak van 'n toename in elektrisiteitstariewe op vervaardigers van goedere en dienste. (2)

4.3.5 Hoe kan nuwe produksietegnologie help om kostedruk-inflasie te beveg? (2 x 2) (4)

4.4 Met behulp van 'n korrek benoemde grafiek, verduidelik winsmaksimering vir 'n volmaak mededingende firma deur die marginale-inkome(MI)- en die marginalekoste(MK)-krommes te gebruik. (8)

4.5 Hoe kan toerisme infrastruktuurontwikkeling in Suid-Afrika beïnvloed? (4 x 2) (8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

STRUKTUUR VAN OPSTEL	PUNTE-TOEKENNING
Inleiding Die inleiding is 'n laerorde-antwoord. • 'n Goeie begin is om die sleutelkonsep wat met die vraag verband hou, te definieer of te omskryf. • MOENIE enige deel van die vraag by die inleiding insluit NIE. • MOENIE enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal NIE. • MOENIE in die inleiding noem wat jy in die liggaam gaan bespreek NIE.	Maks. 2
Liggaam **Hoofdeel:** Bespreek in detail/Bespreek in detail met die hulp van grafieke/Diepgaande bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/ Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Differensieer/Verduidelik/ Assesseer/Debatteer **'n Maksimum van 8 punte kan vir opskrifte/voorbeelde toegeken word.**	Maks. 26
Addisionele deel: Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Lei af/ Vergelyk/Onderskei/Stel voor/Interpreteer/Debatteer/Hoe **'n Maksimum van 2 punte kan vir die blote noem van feite toegeken word.**	Maks. 10
Slot Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit: • 'n Kort samevatting van wat reeds bespreek is, sonder die herhaling van feite wat reeds genoem is • Enige mening/opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is • Addisionele ondersteuningsinligting wat die bespreking/analise versterk • 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra • Aanbevelings	Maks. 2
TOTAAL	**40**

VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE

- Met behulp van toepaslike grafieke, bespreek, in detail, staatsinmenging as 'n gevolg van markmislukking. (26 punte)
- Waarom faal markte om openbare goedere te verskaf? (10 punte) **[40]**

VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 40 MINUTE

- Bespreek, in detail, die omgewingsprobleme sowel as die internasionale maatreëls wat getref word om volhoubare ontwikkeling te verseker. (26 punte)
- Evalueer die impak van omgewingsubsidies op besighede. (10 punte) **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou